PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

12 Februarie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

VANDAG IS EK

Dankbaar

Nagmaal : Sondag, 12 Februarie om 09:00 @ Hoogland

Besoekers & nuwe lidmate

Indien jy vanoggend 'n **besoeker** is hier by Hoogland vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees. Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet 'n leraar na die diens voor by die preekstoel. Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL…* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Nagmaal - Ds Sunell Ribbens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

17:00 Buffelsfonteindiens : Nagmaal

Deurkollekte: SIM

Program vir die Week :

Woensdag: 15 Februarie

08:45 B'fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 16 Februarie

Ds Pieter Verjaar

Vrydag: 17 Februarie

05:30 Mannebediening

U voorbidding word asseblief gevra vir die volgende Kerkraadsvergadering op Donderdag, 23 Februarie om 19:00 in die saal.

Biddag vir Onderwys & Opvoeding : 12 Februarie

Rooi lap-getuienis in die wêreld om ons

Vanaf Aswoensdag, (22 Februarie) sal daar rooi lappe om die bome op die kerk-terrein gedraai wees.

Hoogland wil graag elke lidmaat aanmoedig om êrens by jou huis 'n rooi lap om 'n boom te draai of 'n rooi lint aan jou hek/deur vas te maak. Wanneer iemand dan vra waarvoor hierdie rooi lappe is, gee dit vir elke Hooglander die geleent-heid tot verdere getuienis deur te vertel van Jesus se kruisdood en opstanding.

Hierdie rooi lappe/linte word weer afgehaal en vervang met 'n wit lap op Opstandingsondag, 9 April, want dit is die dag waarop Jesus finaal die dood oorwin het.

Indien jy nie 'n rooi lap het nie, is daar by Hoogland na afloop van die erediens rooi lappe te koop teen R40 elk en ook gedurende die week by die Kerkkantoor. Wat 'n kragtige getuienis sal hierdie lappe nie in die gemeenskap wees, soos wat ons deur die woonbuurte ry en sien hoe lidmate hul *geloof deur liefde tot dade* getuig.

Hoogland gemeentekamp

Die Hoogland-familie gaan weer kamp!

17 - 19 Maart 2023 te Innikloof (14 km buite Hankey)

Kostes beloop R150 / volwassene per nag & R70 / kind per nag

Bespreek by Leandra in die Kerkkantoor :

- Stuur 'n epos na - leandra@pehoogland.co.za
- Skakel Leandra in die kantoor - 041 367 1485
- Stuur 'n *Whatsapp* - 079 815 9325

Bewys van betaling kan gestuur word na leandra@pehoogland.co.za met verwys KAMP+ jou naam

Hoogland Noodspens

Hoogland se noodspens benodig asseblief die volgende toiletware: seep / sjampoe / waslap / tande-pasta / tandeborsel / deodorant vir mans & dames / ens.

Volgende Sondag, 19 Februarie wag daar 'n verrassing vir almal in die kerk... Al die lofkabouters en laerskoolkinders word gevra om asseblief soos hulle gunsteling **sprokieskarakter** aan te trek kerk toe!

Uit die Hart

Luister na die mooi storie van 'n eenvoudige onderwyseres wat deur haar voorbeeld so groot impak op haar leerders gehad het en hoe dit hulle lewens beïnvloed het:

'n Wyse koning het eenkeer besluit dat hy die verdienstelike onderdaan in sy ryk wou vereer. Maar wie sou dit nou wees? Hulle verklaar toe 'n ekstra vakansiedag in die ryk waarop almal wat voorstelle wou indien – mense uit alle lae van die samelewing – in die paleistuin kon bymekaar kom om lekker te eet en gelyktydig kandidate vir die koning se eerbewys te nomineer.

Na 'n redelike omvattende uitdunningsproses het daar drie sterk kandidate oorgebly. Die een was 'n skatryk man, bekend daarvoor dat hy baie van sy rykdom onder die minderbevoorregtes uitgedeel het. Die tweede was 'n dokter was selfloos 'n getroue dienaar vir almal in nood was. 'n Bekende regter was die derde finalis. Hy is genomineer omdat hy altyd eerlik uitspraak gelewer het en bekend was vir sy wyse besluite.

Die koning kon nie tussen hulle kies nie. Uiteindelik vra hy vir die kandidate: "Wie het die grootste invloed op julle lewe gehad? Dalk kan dié my help met die keuse." Toe blyk dit dat al drie dieselfde persoon noem: 'n stokou vroutjie. Toe hulle haar laat haal, staan daar 'n eenvoudige, armoedige gestaltetjie voor hulle, maar uit haar oë het daar steeds innige liefde, begrip en eerlikheid gestraal. "Wie is dit?" het die koning onbegrypend gevra. "Dit", kom die antwoord van al drie finaliste gelyk, "was ons al drie se geliefde onderwyseres en mentor. Sonder haar voorbeeld sou ons nooit ver gekom het nie. Sý verdien u eerbewys."

MJ Berril beskryf 'n onderwyser en onderwyseres soos volg:
" 'n Ware onderwyseres deel nie net kennis aan haar leerders mee nie; sy prikkel hulle belangstelling in só 'n mate dat hulle lus word om meer uit te vind as wat sy hulle kan leer. 'n Onderwyseres is nie net 'n brandstofpyp na die olietenk van hulle verstand nie, maar 'n vonkprop wat hulle aanvuur tot die lewe. "

Ds Sunell